EK GLO

Heb 11:1-9; 12:1-3

"Dieper"

- Ons jaartema in die gemeente is ook die tema van die Sewe Weke wat vandag begin. "Dieper" kan vreesaanjaend wees, veral in water, want op 'n stadium is jy nie so in beheer nie en voel jy nie die vaste grond onder jou voete nie. Maar enige diepsee-duiker sal jou kan vertel dat daar 'n wonderwêreld vir jou oopgaan wanneer jy gaan waar die meeste mense nooit kom nie. Niemand van ons hou daarvan as iemand jou sou beskuldig dat jy "vlak" of "oppervlakkig" is nie. Want dit impliseer jou mening dra nie gewig nie, mens kan jou nie ernstig opneem nie. Trouens, jy word sommer maklik heen en weer gewaai deur enige oppervlakwind omdat jy nie soos 'n ysberg wat diep onder die water instrek, deur die diep seestrome in plaas van die oppervlakwinde aangedryf word nie.



- Om vanjaar "dieper" te gaan, beteken om twee (of meer) kere te kyk na dit wat vir jou bekend is en jou oop te maak vir nuwe perspektiewe en verrassende gawes wat aan jou geskenk word daar waar jy dit nie verwag nie, of waar jy nog nooit gaan soek het nie.
- Een van die beste definisies vir "spiritualiteit" is die Duitse "sich der Tiefe öffnen", oftwel "jou vir diepgang oop te stel". Die diepste wat 'n mens kan gaan, is om met die bestaansgrond van alles wat is in verhouding te wandel (met die "Ground of Being"), en dit is God.

- "God" is wel nie vanselfsprekend nie. In die geskiedenis was God meer dikwels 'n vraag as 'n stelling. Feuerbach het gemeen God is die mens se projeksie van die ideaalbeeld van himself. Freud noem geloof 'n illusie. Wittgenstein meen oor God, soos oor alles waaroor mens nie eintlik sinvol kan praat nie, moet jy eerder net stilbly. Daar is vandag ook nie 'n tekort aan mense wat die idee van God lagwekkend vind nie.

Vingerafdrukke van God

- Gelowiges worstel deur al die eeue heen met die kontras tussen die versteekte en die geopenbaarde God (die "Deus Absconditus" en die "Deus Revelatus"). Veral die Ou Testament beskryf God as 'n ietwat "ontwykende teenwoordigheid". Dink maar aan Moses en die brandende bos, Jakob by die Jabbok, Elia wat 'n fluistering in die windstilte hoor. Is dit God of is dit nie? Jes 45:15 sê reguit "U is die God wat U verborge hou".
- Speel God kat-en-muis of wegkruipertjie met ons? Sekerlik nie. Dit lê wel in die aard van die andersheid van God dat ons God nie kan vasvat nie, en ook moet dit ook nooit ons intensie wees nie. Trouens, sê die teoloog Noordmans, "God is nie onaangeraak deur die afwesigheid van pogings om God te manipuleer nie". Die oomblik wat ons God egter probeer vasvang in 'n beeld of idee, breek God self daardie beeld af (CS Lewis noem God daarom die groot beeldbreker, "the great iconoclast").
- Daarom maak dit dalk sin om te praat van die vingerafdrukke van God in en om ons. My vingerafdruk op iets sê nie ek is daar nie. Dit sê wel ek was (dalk nou net) daar. Maar soos 'n voël in vlug wat deur my gefotografeer word lank nie meer is waar hy op daardie oomblik was nie, is God ons altyd vooruit. Om God na te speur, daarin lê die heilige avontuur.

Seker van wat ons Hoop

- Die vingerafdrukke van God is wel baie konkreet. Hebreërs verduidelik dat dit so konkreet is, dat ons van "sekerheid" kan praat en nie onsekerheid of twyfel nie. (Solank ons nie dink dat twyfel verkeerd is nie, veral nie as dit beteken om te soek en te ondersoek, God na te speur en na God te verlang nie.)
- Die sekerheid is van wat ons hoop, met ander woorde waarna ons ons vooruitstrek – na daar waar God ons ver vooruit is, soos die wolkkolom en die vuurkolom voor die volk van God in die woestyn.
- Hebreërs vertel dan stories van mense wat gehoop het, diep gaan soek het, en op daardie reis vingerafdrukke van God gevind het, die een na die ander. Al daardie mense het ons nou ook al vooruitgegaan. Hulle sit nou op die pawiljoen en moedig ons aan.
- Sal ons op hierdie gerugte van God reageer? Sal ons na die mense op die pawiljoen luister wat ons aanmoedig op die baan? Of sal ons soos so baie sê, "ek sien niks, ek hoor niks, ek voel niks", so ek soek ook niks nie en daarom gaan die vingerafdrukke my een vir een verby.